


AFRIKAANS



NOORDWES PROVINSIALE REDE

DEUR WAARNEMENDE PREMIER
PATRICK DUMILE NONO MALOYI

DINSDAG, 20 FEBRUARIE 2024 | 09:00

NOORDWES PROVINSIALE WETGEWER

#NWSOPA2024



www.nwpg.gov.za

#LeaveNoOneBehind



North West
Provincial Government

NOORDWES PROVINSIALE REDE

PROVINSIALE REDE

DEUR

WAARNEMENDE PREMIER PATRICK DUMILE NONO MALOYI

NOORDWES PROVINSIALE WETGEWER

20 FEBRUARIE 2024

Mense van Noordwes,
Mevrou Speaker, Agbare Suzan Dantjie,
Adjunkspeaker, Agbare Lenah Miga,
Sweep van die meerderheidsparty, Agbare Paul Sebegu,
Agbare Lede van die Uitvoerende Raad,
Agbare Lede van die Provinsiale Wetgewer,
Agbare Lede van die Parlement hier teenwoordig,
Ons permanente afgevaardigdes na die Nasionale Raad van Provinsies,
Die Regter-President van die Noordwes-Afdeling van die Hooggeregshof, Regter
Ronald Hendricks,
Voorsitter van SALGA, Raadslid Khumalo Molefe,
Voorsitter van die Huis van Tradisionele en Khoi-SAN Leiers, Kgosi Thari Maotwe,
Uitvoerende Burgemeesters en Burgemeesters van die Noordwes Munisipaliteite,
Lede van Politieke Partye,
Leiers van Geloofsgebaseerde Organisasies, Vakbonde en Burgerlike Samelewing,
Visekanselier van die Noordwes-Universiteit, Professor Birsmack Tyobeka,
Direkteur-Generaal in die kantoor van die Premier, Mnr Paul Mogotlhe,
Departementshoofde en Hoof Uitvoerende Beampies van Publieke Entiteite,
Die Provinsiale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie, Luitenant-Generaal
Sello Kwena,
Hoofde van ons Sekuriteitsdienste,
Lede van die Diplomatieke Korps,
Genooide gaste,
Lede van die media,
Mede-landsburgers,

Agbare Speaker, dit sou nalatig wees van my om die ongekendheid van die aanbieding van die 2024 Provinsiale Rede te ignoreer.

Dit is vir my 'n absolute eer dat Premier Kaobitsa Bushy Maape my aangestel het om namens hom op te tree, en hierdie unieke geleentheid om die Provinsiale Rede te lewer aan my toevertrou het.

Agbare Speaker, ons wil die publiek en alle partye in hierdie wetgewer verteenwoordig versoek en aanmoedig om die kompleksiteit van die balans tussen om die Premier aanspreeklik te hou, en om sy menswaardigheid en privaatheid met betrekking tot sy gesondheidsinligting te respekteer, te besef en te eerbiedig.

Ons wil van hierdie geleentheid gebruik maak om Premier Maape voorspoed toe te wens met sy voortgaande mediese behandeling.

Mevrou Speaker, 2024 is presies dertig jaar sedert die mense van hierdie provinsie, na jare se rasse-onderdrukking, in lang toue gestaan het om vir die eerste maal hul reg om te stem uit te oefen.

Terwyl ons oor hierdie pad reflekteer, word ons telkens herinner aan die heldemoed van ons voorgeslagte in hul stryd vir vryheid.

Ons is vandag bevoorreg om veteraan John Maumakwe - een van die oorblywende lede van die Luthuli Losmaking - hier teenwoordig te hê.

Hy was deel van 'n groep Bahurutshe-mans van Kgosi Ramotshere Moiloa Plaaslike Munisipaliteit, wat in die 1960's die eerste gevegseenhede van die ANC se militêre vleuel geword het.

Die geboorte van ons land se demokrasie, is te danke aan hul dapperheid en moed.

Hul volharding inspireer ons voortdurend om harder te werk vir die verwesenliking van die Nasionale Demokratiese Samelewing.

Dit is inderdaad so: vandag is beter as gister, en môre sal beter wees as vandag.

Agbare Speaker, die 2024 Provinsiale Rede is ons laaste beleidsverklaring vir die 6de Administrasie.

Gedurende hierdie termyn moes ons met 'n klomp faktore worstel, wat 'n effek gehad het op die lewens van ons mense.

Hoewel ons land se reaksie op die Covid-19 pandemie prysenswaardig bly, is die beduidende impak van die pandemie wyd en syd gevoel.

Talle gesinne het hul geliefdes aan die dood afgestaan, en duisende het hul bron van inkomste verloor.

Agbare Lede, die gereeldheid van ongewenste klimaatsveranderingstoestande ook toegeneem.

Hoë temperature en ongunstige weer met swaar reën, vloede en veldbrande het die tempo van ons herstel met tye vertraag, aangesien beperkte hulpbronne aangewend moes word om op hierdie uitdagings te reageer.

Onstabiliteit en wêreldwye konflikte soos die oorlog tussen Oekraïne en Rusland het internasionale handel en voorsieningskettings onderbreek, die beskikbaarheid en invoer van goedere en kommoditeite beperk, en sodoende die pryse van brandstof en voedsel opgestoot.

Agbare Lede, die 6de Administrasie moes worstel met uitdagings soos onstabiliteit en 'n regeringsineenstorting, wat gelei het tot die instelling van Artikel 100 van die Grondwet deur die President en die Kabinet, as provinsiale intervensie.

Al hierdie uitdagings kon egter nie daarin slaag om ons gees te demp nie. In teendeel, het dit ons veerkragtigheid, sowel as ons fokus op die mandaat om die mense van Noordwes te dien, net versterk.

Re leboga thata baagi ba Profense ya rona! “Hande was mekaar” – “Leeus wat nie saamstaan nie, word deur die jagluiperd uitoorlê.”

Agbare Speaker, hierdie sitting van die wetgewer vind plaas twee weke nadat Sy Eksellensie President Cyril Ramaphosa die Nasionale Staatsrede gelewer het.

Die President was deursigtig en eerlik in sy weergawe van ons pad, wat beide uitdagings en prestasies behels.

Die afgelope 30 jaar noodsaak ons om te reflekteer oor ons vele oorwinnings, uitdagings en doelwitte wat nog bereik moet word, op die pad na konsolidering van ons demokrasie.

Agbare Lede, tydens hierdie dertig jaar het ons provinsie ongekende vlakke van ontwikkeling beleef.

Die aantal huishoudings het gestyg van 591 145 in 1996 na meer as 1,14 miljoen in 2022, wat 'n opwaartse tendens toon van agt-en-tagtig persent (88%) formele behuising in die provinsie.

Agbare Lede, van 2019 tot 2023, het ons 19 307 huise gebou.

Teen die einde van 2023, het ons 2 786 huis afgelewer.

Ons het R198 miljoen toegewys om die uitwissing van 1 356 modderhuise te befonds, waarvan 579 eenhede gerealiseer het.

Ons het nou alle hindernisse, wat tot die vertraging van die Deelpan-vloede projek gelei het, uit die weg geruim en kan vandag meedeel dat 104 huise teen einde volgende maand voltooi sal wees.

'n Verdere 317 huise sal na afloop van die grondskenking deur Kgosi Kogodi Molete van Bakolobeng en sy Tradisionele Raad gebou word.

Agbare Speaker, ons sal in die komende weke die R2,6 miljard N14 Gemengde Gebruik Ontwikkelingsprojek in Ventersdorp loods.

Die ontwikkeling behels die installasie van grootmaatdienste vir 400 persele en skep meer as 600 werksgeleenthede vir plaaslike inwoners deur die konstruksie van Breek Nuwe Grond, Sosiale Behuising en verband-voorraad.

Die klein dorpie Ventersdorp, met 'n swak geskiedenis van okkupasie deur 'n verregse rassistiese groep genaamd die AWB, sal nooit weer dieselfde wees nie.

Ons werk tans aan die herstel van ons mense se menswaardigheid.

Die geïntegreerde, versnelde diensleweringbenadering genaamd die Thuntsha Lerole Program het tot dusver 6 283 titelaktes aan begunstigdes regoor die vier distrikte uitgereik.

Agbare Lede, net oor die tagtig persent (80%) van huishoudings in die provinsie het toegang tot waterpype, hetsy in hul wonings, erwe of gemeenskaplike areas, teenoor slegs twintig persent (20%) in 1996.

In November 2023 het die provinsiale regering in samewerking met Minister van Water en Sanitasie, Senzo Mchunu, die R106 miljoen Dinokana Water Voorsieningsintervensieprojek bekend gestel.

Voorts is die konstruksie van 'n R36 miljoen grootmaatwater rioolpyp by die Agisanang township in die Tswaing Plaaslike Munisipaliteit geskeduleer vir voltooiing in hierdie jaar nog.

Ons kan ook aan die mense van Madibeng Plaaslike Munisipaliteit rapporteer dat die Brits Waterbehandelingsaanleg teen Mei vanjaar voltooi sal wees.

Die voltooiing van hierdie projek sal 'n bykomende twintig mega-liter verskaf, wat watervoorsiening aan die gemeenskappe van Oukasi, Mothotlung, Damonsville, Mmankau, Britstown, Elandsrand, Letlhabile en Sonop sal verseker.

Die pyplyn van Mafenyana na Tlhabane sal in April voltooi word.

Die vyf-en-twintig mega-liter Tlhabane reservoir is 99% voltooi en sal binne die volgende twee weke oorhandig word.

Agbare Speaker, bykomende boorgate is geboor en toegerus vir beide die Rooigrond Afvalwater Behandelingsaanleg en Water Aanvullingsprojek, om water voorsieningsuitdagings in Mahikeng aan te spreek.

Die gemeenskappe van Ramosadi en Seweding in Mahikeng is die afgelope paar maande onderwerp aan onmenslike rioolstortings in hul huishoudings en woonbuurte.

Ons het ingegryp en 'n kontrakteur is na die terrein ontbied om die konstruksie van 'n nuwe toevoerpyp te voltooi wat deur Mahikeng Plaaslike Munisipaliteit afgelewer en deur Ngaka Modiri Molema Distrik befonds sal word.

Ons bevestig dat alle waterlekkings by Tigane, vanaf uitbreidings een tot ses, sowel as Hartebeesfontein, herstel is en dat daar nou stabiele watervoorsiening is.

In September verlede jaar het ons begin met die konstruksie van 'n watertoevoerlyn van meer as R200 miljoen, vanaf Pudumoe na Huhudi, om grootmaat watervoorsiening te bevorder.

Agbare Speaker, Harmony Goudmyn is tans in die proses om funksionaliteit van die Kraaipan Omgekeerde Osmose Waterbehandelingsaanleg teen 'n koste van R8,5 miljoen te herstel, om volhoubare watervoorsiening in dele van die Ratlou Plaaslike Munisipaliteit te verseker.

Die aanleg sal aan die Ngaka Modiri Molema Distriksmunisipaliteit oorhandig word vir onderhoud en bestuur.

Verskeie ander waterinfrastruktuurprojekte in Mahikeng, JB Marks, Moses Kotane, Groter Taung, Matlosana, Kagisano-Molopo, Moretele, Rustenburg sowel as Mamusa plaaslike munisipaliteite sal in die 2024/2025 finansiële jaar voltooi word.

Al hierdie projekte sal deur Operasie Bulela Metsi geïmplementeer word, wat ons in Julie verlede jaar geloods het.

Agbare Lede, ons moedig munisipaliteite aan om watervoorsiening deur tankering in te kontrakteer, deur die aankoop van eie vragmotors.

Ons het die polisie betrek om die moontlike verband tussen die beskadiging van waterinfrastruktuur en watertankering in die provinsie te ondersoek.

Ons wil ons gemeenskappe sterk aanmoedig om waaksaam te wees, en sulke voorvalle aan die relevante owerhede te rapporteer.

Vandalisme van staatsinfrastruktuur is gelykstaande aan verraad, en ek wil 'n beroep doen op alle segmente van ons samelewing om hierdie kriminele daad in die kiem te help smoor.

Agbare Speaker, die voorsiening van elektrisiteit het beduidend toegeneem van 58,1% in 1996 tot huidiglik meer as 94,7%.

Ons erken wel die verwoestende impak van kragonderbrekings op ons provinsiale ekonomie en huishoudings.

Agbare Speaker, die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake koördineer tans intervensiepogings om munisipaliteite te help om hernubare en alternatiewe energiebronne te implementeer.

In 'n poging om beurtkrag te beëindig, het ons ook 'n Memorandum van Ooreenkoms (MoU) met die Chinese Nasionale Invoer- en Uitvoerkorporasie onderteken, om R16 miljard gas na elektriese kragstasies in beide die City of Matlosana en Moses Kotane Plaaslike Munisipaliteite te bou.

Die eerste fase van hierdie projek sal toesien dat Matlosana sowat 198 megawatt elektrisiteit produseer, en konstruksietydlyne behels 'n beraamde maksimum van negentig dae per honderd megawatt.

Die Chinese Invoer en Uitvoerkorporasie het benewens hul bogenoemde projekbelegging, onderneem om verdere hulpbronne te investeer om modderhuise in die provinsie uit te wis deur elke jaar 500 huise te bou, vir solank die MoU geld.

Die projek sal na verwagting 'n minimum van meer as 10 000 werksgeleenthede skep.

Ek neem ook dan graag hierdie geleentheid om die teenwoordigheid van Mevrou Jin Sun van die Chinese Invoer en Uitvoerkorporasie as spesiale gas vandag te erken.

Agbare Speaker, sedert 2019 tot op hede, het ons sewe-en-sewentig padprojekte voltooi ter waarde van net oor die R2 miljard.

Hierdie paaie loop deur vier distrikte van die provinsie, en vorm 'n groot deel van ons padnetwerk van meer as 19 000 km.

Ons het landelike gemeenskappe verbind met die provinsie se hoofdorp en ekonomiese sentra in Lokaleng in Mahikeng, Kgomo-Kgomo in Moretele en Manokwane in Taung.

Agbare Speaker, gedurende die 2023/2024-finansiële jaar, is vyf-en-twintig instandhoudingsprojekte oor die vier distrikte geïmplementeer as deel van die Roetine Padinstandhouding Strategie, met 'n begroting van R256 miljoen.

Agbare Lede, die rehabilitasie en verbreding van die Phelindaba-na-Pecanwood-pad vorder goed sal na verwagting teen Desember 2026 voltooi wees.

Die Hartbeesfontein-na-Ottosdal-pad word voorsien om, vroeër as beplan, in Junie 2024 voltooi te wees.

Ons erken en vra om verskoning vir vertraging in die konstruksie van Nelson Mandelaweg in Mahikeng.

Ons erken die negatiewe impak daarvan op besighede en lede van die publiek wat daaglik van daardie pad gebruik maak.

Tog is daar vordering gemaak, aangesien 3.2km van die pad reeds voltooi is. Konstruksie van die oorblywende 450m is naby aan voltooiing.

Ek onderneem om die projek na afloop van hierdie rede te besoek en met die kontrakteur te ontmoet om die dringendheid van eersdaagse voltooiing van die projek te beklemtoon.

As deel van die poging om padinfrastruktuur agterstande aan te spreek, is twaalf (12) paaie aan SANRAL oorgedra vir konstruksie.

Dit sluit gedeeltes van paaie op die N18 van Mahikeng na Vryburg en die R30 in, wat Klerksdorp tot Ventersdorp, sowel as Orkney sal dek.

Die res van hierdie projekte sal oor Bojanala-Platinum, Ngaka Modiri Molema, en Dr. Kenneth Kaunda Disrik versprei word.

Slaggate sal oor meer as 320km regoor die provinsie herseël word, wat die skepping van sowat 429 werksgeleenthede tot gevolg sal hê.

Munisipaliteite soos Matlosana en JB Marks moet padonderhoud en slagat-herstelwerk op 'n deurlopende basis as 'n munisipale funksie deur munisipale werknemers inkontrakteer.

Hierdie inisiatief sal vervolgens in ander munisipaliteite regoor die provinsie uitgerol word.

Werk aan die Lichtenburg-na-Koster en Derby-na-Magaliesburg paaie sal in die nuwe finansiële jaar aanvangs neem.

Ons het kontrakte met vorige kontrakteurs getermineer en 'n nuwe kontrakteur aangestel om aan die Majakaneng-na-Sun City-pad te begin werk.

Agbare Lede, tussen 2019 en Oktober 2023 is 'n totaal van 69 528 EPWP-werksgeleenthede ten gunste van vroue, jongmense en persone met gestremdhede geskep.

Net in 2024 sal 'n verdere 15 000 werksgeleenthede geskep word, wat dan omsit in 'n totaal van 84 528.

Agbare Speaker, terwyl ons provinsie geseënd is met ryk minerale afsettings, word ons steeds oorweldig deur hoë vlakke van armoede en werkloosheid.

Ekonomiese groei bly traag, wat 'n nadelige impak op ons pogings tot werkskepping het.

Die werkloosheidskoers in Noordwes veroorsaak tans slapelose nagte, veral omdat dit vroue en jongmense affekteer.

Daar is egter bemoedigende tekens van herstel in ons provinsie.

Noordwes is een van slegs drie provinsies wat die grootste toename in indiensneming in die derde kwartaal van 2023 aangeteken het, met die skepping van meer as 61 000 werksgeleenthede.

Ons het twee belangrike beleggingsbemarkingsgeleenthede met groot beleggers aangebied: die Noordwes BRICS-beleggingskonferensie wat tydens die BRICS-SUMMIT

in Augustus 2023 in Sandton gehou is, en die Premier se aandete met beleggers, wat in September 2023 by Sun City gehou is.

Beide inisiatiewe het 34 beleggingsondernemings met 'n totale waarde van R104,1 miljard opgelewer.

Agbare Lede, tot op hede is daar veertien (14) bevestigde beleggingsprojekte ter waarde van R13,5 miljard in die pyplyn vir die Bojanala Spesiale Ekonomiese Sone.

Hierdie beleggings sal na verwagting 'n addisionele 10 000 werksgeleenthede skep.

Die implementering van die Toerismeherstelplan deur ons provinsie het ook begin om groei in die aantal binnelandse-, sowel as buitelandse besoekers te bewerkstellig.

Tussen 2022 en 2023 het ons bedryf uit die as van die Covid-19-pandemie opgestaan, en het dit R6,9 miljard aan inkomste vir die provinsie gegenereer, sowel as 24 000 werksgeleenthede geskep en behou.

Die proses om die Pilanesberg- en die George Dick Montshiwa Lughawe op te knap het reeds begin.

Beide hierdie lughawens sal die provinsie se kapasiteit verhoog om toerisme te groei en nuwe ekonomiese geleenthede in, onder andere, vragvervoer, *hangars*, en lugdienste oop te sluit.

Ons het Versoeke vir Voorleggings vir die bestuur van hierdie twee lughawens gestuur, asook om beleggers te lok.

Die voorkeurbieërs sal teen Mei vanjaar begin werk.

Agbare Lede, die landbousektor moet nog sy volle potensiaal bereik deur die betekenisvolle deelname van opkomende boere in die groeiende sektor.

Deur die Letsema (Illima) en Omvattende Landbouondersteuningsprogram (CASP), het die provinsie in die afgelope vyf jaar ongeveer 383 landbouprojekte en 4 570 boere ter waarde van meer as R888 miljoen ondersteun.

'n Verdere R77 miljoen sal aangewend word om boere te ondersteun met insette, lewendehawe, voer, en medikasie.

Die fonds sal ook fokus op die uitbreiding van besproeide gebiede en die bevordering van droëlandboerdery in landelike en gemeenskaplike gebiede.

Agbare Speaker, meer as R91 miljoen sal in die 2024/2025-finansiële jaar aangewend word om aan meer as 800 boere regoor die provinsie hulp te verleen met infrastruktuuragterstande.

Ter ondersteuning om die landbousektor te verder te versterk, sal daar ook grond aan 300 boere toegeken word. Dit sal 'n bokmassifiseringsprojek van 1 734 bokke insluit, wat vir 81 boere aangekoop sal word.

Agbare Lede, ons voedselsekerheidsprogramme lewer tans gewenste resultate.

Meer as agt en vyftig persent (58%) van mense in die provinsie besit agterplaas tuine, waarvan 74.8% vir eie huishoudelike verbruik produseer, en 5.2% vir die markte.

Gegewe hierdie syfers, moet ons marktoegang vir hierdie produkte fasiliteer.

Ons is tans besig met 'n sektorale konsultasie met die landbousektor om sosiale kompaktering tussen die regering en georganiseerde landbou te versterk.

Ons bedank graag Mnr. Boeta du Toit van Agri-Noordwes, wat aan ons 'n boodskap gestuur het om sy ondersteuning van die Nasionale Landboumeesterplan vir Landbouontwikkeling in ons provinsie te betuig.

Ons bedank ook vir Mnr. Andrew Aphanze van die African Farmers Association South Africa, wat ons gevoel rondom die bokmassifiseringsprojek positief deel.

Die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling is in die proses om gehuurde grond aan 614 boere oor te dra vir eienaarskap.

Hierdie intervensie het ten doel om opkomende swart boere te versterk en te bemagtig, om deel te vorm van die hoofstroom ekonomie.

Sedert 1998 het die regering meer as 600 000 hektaar grond aan meer as 74 000 huishoudings herstel, wat meer as 300 000 begunstigdes in Noordwes uitmaak.

Die Regering sal teen einde-Maart 2024 'n verdere 100 titelaktes aan begunstigdes oorhandig.

Agbare Speaker, ekonomiese ontwikkelingsuitdagings vereis koherente beleidsreaksies wat stewig geanker is in langtermynbeplanning.

Die provinsie het nou die Provinsiale Groei en Ontwikkelingsstrategie (PGDS) gefinaliseer, wat ten doel het om 'n breë ekonomiese beleidsbeplanningsgids daar te stel om ingrypings te veranker, sodoende die doelwitte van die Nasionale Ontwikkelingsplan 2030 te bereik.

Agbare Lede, die finalisering van die PGDS het ons nou in staat gestel om die oplewing van die Premier se Ekonomiese Adviesraad te voltooi.

Die Raad sal strategiese ondersteuning en koördinasie bied vir die implementering van die Provinsiale Groei en Ontwikkelingstrategie, die bevordering van geïntegreerde ekonomiese beplanning en sektorbydraes.

Die lede van die Ekonomiese Adviesraad sal binne die volgende twee weke aangekondig word, sodra die nodige agtergrondondersoeke en konsultasies met kritiese belanghebbendes afgehandel is.

Agbare Speaker, die Premier se Infrastruktuurkoördineringsraad (PICC) is nou operasioneel.

Die Raad word deur die Premier voorgesit en sy lede sluit die Uitvoerende Raadslede van Provinsiale Tesourie, Openbare Werke en Paaie, COGHSTA, die Provinsiale Voorsitter van SALGA, en 'n verteenwoordiger van die DBSA in.

Hierdie Raad oorsien die implementering van strategiese Megaprojekte in die provinsie en verskaf aan provinsiale departemente leiding in verband met die beplanning, begroting en aflewering van Strategiese Infrastruktuurprojekte.

Agbare Speaker, 'n paneel kundiges wat aangestel is om Staatsbeheerde Entiteite te hersien, het hul taak voltooi.

Ons het nou 'n behoorlike raamwerk om die ontwikkelingsdoelwitte van entiteite in staatsbesit met die prioriteite van die provinsiale regering te belyn, sodoende by te dra tot ekonomiese ontwikkeling en werkskepping.

Agbare Lede, ons het verder 'n digitale, interaktiewe jeugportaal bekendgestel om aan die jeug 'n platform te bied waarvan regeringsinligting regstreeks verkrygbaar is, wanneer en waar hulle hierdie inligting benodig.

Daar is die afgelope twee weke 'n toename in die verbruik van die portaal om inligting oor werkseleenthede, entrepreneurskap, onderwys ens. te bekom.

Tydens die huidige finansiële jaar het jongmense in verskeie Departemente, Munisipaliteite, Staatsbeheerde Entiteite en SETA's voordeel getrek uit bykans 900 internskappe en vakleerlingskappe.

Jongmense sal voorts in verskeie infrastruktuurprojekte wat in die 2024/2025 finansiële jaar uitgerol gaan word, geprioritiseer word.

Agbare Lede, 'n moeder sal enige iets doen om haar kinders te beskerm.

Vroue is absoluut die ruggraat van ons provinsiale ekonomie.

Agt individue en koöperasies onder vrouebestuur sal voordeel trek uit R1,4 miljoen wat vir vaardigheidsontwikkeling en besigheidsgroei opsy gesit is.

'n Verdere R4,5 miljoen is opsy gesit om vroue-koöperasies en KMMO's te ondersteun met die verkryging van marktoegang vir hul produkte en kommoditeite.

Vrouekontrakteurs is aangestel om 532 huise te bou, met 'n begroting van R289 miljoen in die 2023/2024-finansiële jaar.

Agbare Lede, ons betreur die feit dat talle vroue, meisies, ouer persone en mense met gestremdhede voortdurend mishandel word in sommige van ons gemeenskappe.

Ons het dus twintig NWO's befonds om GBV-verwante dienste aan alle dienspunte regoor die provinsie te verskaf.

R17 miljoen is opsy gesit om NWO's te befonds om 'n pakket van dienste aan persone met gestremdhede te lewer.

Sewehonderd-twee-en-negentig (792) slagoffers van Geslagsgebaseerde Geweld (GBV) en Vrouemoord het skuilingsdienste ontvang.

Ter bydrae tot die implementering van die Nasionale Strategiese Plan vir Geslagsgebaseerde Geweld en Vrouemoord is 2 429 werksgeleenthede in die Kunste, Kultuur, Sport en Ontspanningssektor geskep.

Agbare Lede, die provinsie het die fase van ingryping in Artikel 100 uitgesien met die volle herstel van alle uitvoerende funksies van provinsiale departemente.

Die voordeel van die nasionale regeringsingryping blyk duidelik uit die voortgesette opwaartse kurwe van verbeterings in ouditresultate, arbeidsverhoudinge, die omgewing en algehele stabiliteit in die provinsie.

Die ouditresultaat van openbare entiteite het ook verbeter van sewe ongekwalifiseerde menings in die vorige finansiële jaar na agt.

Agbare Speaker, die ouditresultate van munisipaliteite weerspieël 'n gemengde beeld van vooruitgang en stagnasie, met slegs drie munisipaliteite wat ongekwalifiseerde menings ontvang het.

Ons gaan voort met die bied van toegewyde ondersteuning aan alle munisipaliteite, om finansiële bestuur te verbeter deur die implementering en monitering van die Finansiële Herstelplanne (FRP's).

Die Uitvoerende Raad het die aanstelling en implementering van Provinsiale Uitvoerende Verteenwoordigers (PUV's) goedgekeur om finansiële herstelplanne vir geïdentifiseerde munisipaliteite te implementeer, onder die gesamentlike koördinasie van Provinsiale Tesourie en Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake (COGTA).

Die Ditsobotla Plaaslike Munisipaliteit vereis konstante en volgehoue ondersteuning en ingryping vanaf die Provinsiale Regering alvorens volle herstel verklaar kan word.

EXCO het 'n span kundiges, asook ander gesekondeerde amptenare na die munisipaliteit ontplooi om te help met kapasiteit.

Daar is vordering, maar nie genoegsaam om die omvang van die ineenstorting van bestuur in die munisipale administrasie om te keer nie.

Agbare Lede, ons het 'n vaardigheids- en kwalifikasie-oudit in alle munisipaliteite uitgerol.

Tot op datum is 5 487 werknemers deur die projek geoudit.

Ons het hierdie inisiatief in Dr Kenneth Kaunda Distrik Munisipaliteit, Tswaing en Ratlou Plaaslike Munisipaliteit voltooi en sal dit mettertyd ook in die oorblywende munisipaliteite uitrol.

Deur die Distrik Ontwikkelingsmodel (DDM) het ons die volhoubare implementering van 'n omkeerstrategie in al 22 munisipaliteite in die provinsie ingestel.

Ons het nou 'n Vroeëwaarskuwingstelsel in die vorm van 'n Elektroniese Kontrolepaneel of *Dashboard*, wat munisipale aktiwiteit, prestasie en rapportering sal monitor.

Ons het die "Thuntsha-Lerole Mobile App" bekend gestel as 'n interaktiewe kommunikasieplatform wat die regering en sy mense verbind, sodat hulle dienslewering uitdagings in hul plaaslike omgewings regstreeks kan rapporteer.

Hierdie webgebaseerde toepassing bied 'n onmiddellike diensleweringeskalasiemeganisme aan relevante departementele en munisipale amptenare, om vinnige reaksies op uitdagings soos wateronderbrekings, rioolorlope, kragonderbrekings, ens. te kan fasiliteer.

Ons skakel tans met belangrike tegnologie- en netwerkverskaffers vir hierdie mobiele toepassing om data-vry te wees, sodoende toegang, veral in landelike gebiede en townships, te verbeter.

Agbare Lede, tradisionele leierskap speel 'n groot rol in die behoud van kultuur, tradisie en taal.

Koningskap is in 'n opsig 'n las wat 'n mens opgelê word.

Konings of hoofde slaap nie, weens beswaardheid oor dinge soos werkloosheid en die gebrek aan ontwikkeling in hul gemeenskappe.

In die raadsaal, wil ek graag opregte dank betuig aan die Voorsitter van die Noordwes Huis van Tradisionele Leiers, Kgosi Maotwe en sy raad, vir hul samewerking met ons regering.

Om administratiewe stabiliteit in sommige van ons tradisionele owerhede te bevorder, het ons artikel 59 van die Tradisionele en Khoi-San Leierskap Wet van 2019 in werking gestel om ses Ondersoekkomitees te stig, in 'n poging om tradisionele leierskapsgeskille te hanteer.

Drie uit ses komitees het reeds begin met die ondersoeke van Banogeng, Bakubung ba Ratheo en Bakwena ba Mmatau.

Die Ondersoekkomitees van Bahurutshe boo Manyane, Bahurutshe boo Moiloa en Bakwena ba Mogopa sal ook binnekort begin.

In ons vorige skakeling met die Adjunkpresident, het die Noordwes Huis van Tradisionele en Khoi-San Leiers 'n aantal kwessies geopper.

Ons kan rapporteer dat elk van hierdie kwessies verwerk is, en dat die meerderheid daarvan opgelos is.

'n Gedetailleerde verslag sal tydens die Huis se opening later vanjaar aan hulle voorsien word.

Agbare Speaker, ons betreur die sterftes van nege inisiate by verskeie inisiasieskole.

Hierdie sterftes is veroorsaak deur individue wat buite die wet opgetree het.

Ons vertrou dat die polisie sal verseker dat diegene wat in hegtenis geneem is en verbind is aan hierdie onwettige aktiwiteite, die volle omvang van reg en geregtigheid sal teëkom.

Agbare Lede, die 2023 Nasionale Senior Sertifikaat eksamenuitslae stel ons op die regte pad om ons plek as een van die top-presterende provinsies in die land te herstel.

Ons het met een punt agt persent (1.8%) verbeter van 79,2 tot 81,6%.

Al vier distrikte het hul slaagsyfer teenoor die vorige jaar verbeter.

**Agbare Lede, ons inisiatief om aan leerders by skole in ekonomies-
onderontwikkelde gemeenskappe twee maaltye per dag te verskaf, kry momentum.**

Die Nasionale Skoolvoedingsprogram in die provinsie voed tans meer as 740 000 leerders in al vier distrikte.

Ons het onlangs 'n R103 miljoen nuutgeboude Huhudi Primêre Skool in Vryburg in die Naledi Plaaslike Munisipaliteit oorhandig.

Die nuutgeboude Mamodibo Sekondêre Skool in Mogogelo-dorp in die Moretele Plaaslike Munisipaliteit is amptelik op Mandela Dag verlede jaar geopen.

'n Totaal van tien nuutgeboude skole sal vanjaar aan gemeenskappe oorhandig word met 'n gekombineerde koste van meer as R700 miljoen.

Die skole sluit in: Mphebana Hoërskool in Bojanala, Tlaakgameng Laerskool in Dr Ruth Segomotsi Mompati en Dirang ka Natla Laerskool in Dr Kenneth Kaunda.

Agbare Speaker, 448 vervoeroperateurs is gekontrakteer om skoolvervoer te voorsien.

Hierdie operateurs het dienskontrakte onderteken, na die afhandeling van deeglike voertuiginspeksies en verifikasieprosesse.

Ons erken egter die ontstaan van geïsoleerde uitdagings aan die begin van die huidige skooljaar, waartydens sommige operateurs busse in gebruik wou stel, wat nie deel was van die inspeksielys nie.

Sedertdien het ons 'n “oorlogkamer” of “War Room” gestig, met die Hoof van die Departement van Gemeenskapsveiligheid en Vervoerbestuur as voorsitter, om hierdie tipe uitdagings te hanteer soos en wanneer dit voorkom.

Agbare Speaker, ons beoog om skoolvervoer op die langtermyn te staak, vervolgens die bou van skole met verhoogde koshuiskapasiteit, asook meer skole in die nabyheid van mense se wonings, in ooreenstemming met ons opvoedkundige norme en standaarde.

Agbare Lede, die regering is hard aan die werk om misdaad en korrupsie in die provinsie te beveg. Verskeie hoëprofiel-sake in beide die openbare en private sektor geniet tans aandag. In die huidige finansiële jaar is nege korrupsie- en kommersiële misdaadsake afgehandel en die oortreders skuldig bevind. Ons bedank en prys die betrokke wetstoepassingsagentskappe vir hul pogings om korrupsie en ander dade van misdryf te beveg.

Agbare Speaker, ons het 'n nuwe verkeerseenheid genaamd 'The Eagles' gestig, wat met 30 hoë-krag voertuie toegerus is om sigbaarheid in alle hoofpaaie in die provinsie te verhoog.

Ons verkeerswetstoepassers is opgelei om ongelukstonele te beveilig en hul voertuie is toegerus met alle nodige, nuutste, en gevorderde tegnologiese toestelle om 'n ongelukstoneel op die plek te verwerk.

Hierdie is die eerste inisiatief van sy aard in die provinsie.

Agbare Lede, ons het 'n span saamgestel om die Nasionale Vervoer Belegging (NTI) om te keer ten einde die entiteit te herposisioneer om sy mandaat van die

voorsiening van doeltreffende en veilige vervoeroplossings aan die inwoners van Noordwes te vervul.

Hierdie entiteit vervoer meer as 500 000 pendelaars per maand, in townships, landelike gebiede, en peri-stedelike gebiede.

Dit het ook meer as 1200 werksgeleenthede vir plaaslike individue geskep.

Ons het die oudit van die maatskappy se laste voltooi en alle skulde geverifieer.

Die proses het ons bemaagtig om hersiene skikkingvoorstelle aan krediteure voor te lê, in ooreenstemming met die Maatskappywet.

Die maatskappy sal binnekort uit besigheidsredding of te wel "Business Rescue" wees, waarna 'n tydelike Raad aangestel sal word om regsbevoegdheid oor die entiteit se sake aan te neem, sodat dit die bedoelde mandaat kan vervul.

Ons wil hê hierdie entiteit moet herstel, om die mense van Noordwes te dien.

Ons maak aansienlike vordering in die voorsiening van primêre gesondheidsorg in ons landelike en township gemeenskappe.

In die huidige finansiële jaar het ons Sy Eksellensie President Cyril Ramaphosa verwelkom, waar hy die amptelike opening van die Jouberton Gemeenskapsgesondheidsentrum op Vryheidsdag behartig het.

Tydens een van ons Thuntsa Lerole-programme het Adjunkpresident Paul Mashatile die Groter Taung Plaaslike Munisipaliteit besoek, waar hy 'n nuutgeboude R245 miljoen Ba Ga Mothibi Gemeenskapsgesondheidsentrum oorhandig het. Beide hierdie fasiliteite sal meer as 68 000 mense in hul onderskeie gemeenskappe dien.

Agbare Speaker, ons versterk ons distriksgesondheidsdienste deur die amptelike opening van nog vyf klinieke in Itsoseng, Mokgalwaneng, Marikana in Rustenburg, Hokfontein, Boikhutso en Steve Tshwete in JB Marks in 2024.

Die sluiting van die Thusong Distrikshospitaal was onvermydelik. Die hospitaal het ernstige strukturele probleme in die gesig gestaar, tesame met die duidelike dolomitiese aard van die grond, wat die redding daarvan feitlik onmoontlik gemaak het.

Die sluiting van Thusong het gelei tot die geboorte van drie nuwe projekte, naamlik die opgradering van die Generaal De La Rey Distrikshospitaal, die Itsoseng Gemeenskapsgesondheidsentrum, en die konstruksie van die Sheila Kliniek met behulp van alternatiewe bouetegnologie.

Vir die afgelope drie jaar het die MIV-positiwiteitsyfer in ons provinsie 'n bestendige afname getoon. Verlede jaar was daar 'n daling van 1.7 persent in MIV-infeksies. MIV-kaskades word nou gemonitor deur die 95-95-95 teikens soos uiteengesit deur die Gesamentlike Verenigde Nasies-program.

Ek is bly om te kan aankondig dat die Provinsie tans staan op drie-en-negentig (93%) van individue wat hul status ken. Vyf-en-sewentig persent van MIV-pasiënte ontvang behandeling en ken hul status.

Die aantal pasiënte met virussuppressie, is tans vier-en-tagtig persent (84%).

Agbare Lede, ons het die krisis van werklose dokters afgeweer na afloop van skakelings met hul vakbond.

Alle gekwalifiseerde dokters in Noordwes sal in ooreenstemming met die ooreengekome raamwerk met die betrokke vakbond ontplooi word.

In 2023 het die Noordwes Provinsiale Regering en die Noordwes-Universiteit (NWU) 'n gesamentlike onderneming onderteken vir die stigting van die NWU Mediese Fakulteit.

Die Minister van Gesondheid, Eerwaarde Joe Phaahla, het ook sy ondersteuning vir die aanvangs van hierdie projek betuig.

Die projek beoog om sy eerste studente-inname in 2028 te hê en sal onder andere toegangseleenthede vir studente uit voorheen-benadeelde gemeenskappe skep.

Die Klerksdorp/Tshepong tersiêre hospitaal, wat oor die afgelope 20 jaar as 'n akademiese opleidingsplatform onder Wits Universiteit ontwikkel is, sal die hoof kliniese opleidingsperseel wees, met 'n gepaardgaande netwerk van ander hospitale en klinieke in die provinsie vir doeleindes van opleiding in primêre gesondheidsorg.

Agbare Speaker, ons is verheug om aan u mee te deel dat ons die tweede gedeelte van die N12 Maraton suksesvol afgelewer het.

Die maraton bied geleenthede vir atleetontwikkeling en vir meer gevestigde atlete om vir die Comrades Maraton te kwalifiseer.

Ons is die heersende kampioene van die Comrades Maraton deur Tete Dijana, wat sy titel vir twee opeenvolgende jare suksesvol verdedig het.

Ons provinsie het 'n roemryke geskiedenis in hierdie maraton deur die Kelehe broers van Sekhing dorp in Taung, Edward Mothibi van Magogoe dorp in Mahikeng en onlangs Adele Broodryk van Potchefstroom.

Ons eer ook vir Steven Mokoka van Ramatlabama in Mahikeng, wat in 2022 die 50km wêreldrekord in Gqeberha gebreek het.

Agbare Lede, ons kon die regsverwante uitdagings wat die aanvangs van die ontwikkeling van die Deelpan-vloede projek vertraag het, uit die weg ruim.

Die eerste fase van die verklaring van die buurt as 'n Erfenisgebied sal in Maart vanjaar voltooi word.

Ons het begin met die bou van biblioteke in Matlosana, Wolmaransstad, Coverdale/Boitumelong en Bodibe.

Hierdie biblioteke sal oor 'n tydperk van vier jaar gebou word teen 'n gekombineerde koste van R75 miljoen. 'n Verdere R20 miljoen is opsy gesit vir die opgradering van biblioteke in Mableskraal en Ganyesa.

Agbare Lede, ons vereer Sibanye-Stillwaters wat met verskeie Gemeenskapsgebaseerde Organisasies saamwerk rondom die opvolging van die implementering van die Marikana Farlam Kommissie aanbevelings.

Tot op hede is vyf-en-vyftig sosio-ekonomiese projekte ter waarde van 'n gedeelde R13,9 miljard van Sibanye-Stillwater Korporatiewe Sosiale Belegging en Sosiale Arbeidsplanne, deur die Marikana Erfenis Projek geïmplementeer.

Ons onderneem verder om met alle partye saam te werk vir die bou van 'n monument by die Koppie, ter nagedagtenis aan al die mense wat hul lewens verloor het sowel as diegene wat beseer is op daardie noodlottige dag, asook die dae voorafgaande aan 16 Augustus 2012.

Ons is tans besig met beplanning om Marikana binnekort te besoek deur die versnelde diensleweringprogram, Thuntsha Lerole.

Agbare Speaker, ons het hier, vandag, 'n verhaal vertel van 'n provinsie wat werklik aan die beweeg is.

Ons het rekenskap geneem van oorwinnings, en van lewens wat verander is, maar ook van verskeie diensleweringuitdagings wat nog voorlê.

Ons hoor die noodkrete van ons mense, wat ons smee om meer van die goeie werk wat ons reeds gedoen het, te doen.

Hul boodskap is duidelik: doen meer, praat minder.

Hulle is moeg vir grootpraterij en leë beloftes.

In die beroemde woorde van Guinea-Bissau, een van Afrika se beste denkleiers, en Amilc Cabral: "...always bear in mind that the people are not fighting for ideas, for the things in anyone's head, they are fighting to win material benefits, to live better and in peace, to see their lives go forward, and to guarantee the future of their children..."

Daarom is ons dit aan ons mense verskuldig om hul lewens te sien verbeter, en om 'n beter toekoms vir ons kinders te verseker.

Dankie.

NOORDWES PROVINSIALE REDE

DEUR WAARNEMENDE PREMIER
PATRICK DUMILE NONO MALOYI

DINSDAG, 20 FEBRUARIE 2024 | 09:00

NOORDWES PROVINSIALE WETGEWER

#NWSOPA2024



www.nwpg.gov.za

#LeaveNoOneBehind

